Deur Marti Kirstein

Hoë gehalte vleis teen lae insetkoste

"Uit Afrika vir Afrika – die gehardheid van Afrika lê inherent in die Boran-ras," sê Johan Erasmus van Jeras Boran. Sedert sy eerste kennismaking met dié beesras in Kenia in 2004, het hy nog nooit sy geesdrif oor die ras verloor nie.

"Praat jy oor winsgewendheid, is Borans die ras met die meeste kilogram vleis per hektaar van enige ras," sê Johan. Sy keuse val ook op dié ras vanweë die Boran se natuurlike eienskappe om onder harde toestande aan te pas. Die Boran bied 'n winsgewende opsie vir stoet- én kommersiële boerderye en vaar uitstekend in kruisteelprogramme.

"Tans is die ras die derde grootste in ledegetalle in Suid-Afrika met 412 lede, wat dui op die ras se geweldige potensiaal," benadruk Johan. Hy is tans ondervoorsitter van die Boran Beestelersgenootskap, 'n senior keurder in die plaaslike Boranbedryf en ook 'n lid van die Namibiese Boran Beestelersgenootskap.

Passievol oor sy stoet

Johan boer op sowat 2 800ha in die Derby-distrik in Noordwes. Hy het in 2004 sy stoet met 'n enkele Boranvers begin en self embrio's uit Kenia ingevoer om sy stoet op te bou. Vandag is sy Boranstoet van sowat 150 koeie sy passie. Hy is ook 'n vennoot in 'n Boran-teelprojek saam met Willem Janson van Bundu Boran by Nelspruit.

Sy kommersiële beeskudde bestaan uit sowat 900 beeste en hy gebruik sy Borans met groot sukses in kruisteelprogramme. Hy beplan onder meer om sy F2-Borankoeie met 'n suiwer Engelse of Europese bul te kruis. Die opbou van 'n stoet is 'n langtermyn-belegging, maar hy het reeds sowat 42 koeifamilies of lyne in sy stoet geïnkorporeer.

Die Boran is gehard, bestand teen siektes en bied hoë weerstand teen parasiete.

Winsgewende ras

"Ek boer en teel met Borans omdat dit so 'n winsgewende ras is – dit is die ras met die meeste kilogram vleis per hektaar van enige ras en die onderhoud is ook laag, omdat hulle so gehard en goed aangepas is. Die koeie is medium-raam en dus doeltreffender per hektaar. My ideale Borankoei weeg tussen 400 en 450kg. Nog 'n positiewe eienskap van Borans is dat hulle maklik hanteer en 'n rustige temperament het," sê Johan.

Die Boran bied uitstekende weerstand teen parasiete en siektes. Johan verhuur byvoorbeeld gereeld van sy bulle vir kruisteelprogramme in hartwater-gebiede en behaal jaar ná jaar goeie resultate. "Die Afrika-moederlyn bied uitstekende immuniteit en die beeste kan hittetoestande goed hanteer."

'n Uitnemende bouvorm, manlikheid en gehardheid is van die eienskappe waarmee Johan Erasmus van Jeras Boran se stoetbulle spog.

Sorgvuldige seleksie

Johan glo daaraan om vir "natuurlike" eienskappe te selekteer. Die ras se sterk eienskappe is al vir langer as 1 300 jaar op 'n natuurlike wyse oorgedra. By koeie selekteer hy uitsluitlik vir vroulikheid of vroulike eienskappe. Dit sluit onder meer goeie haargehalte, wigvorm en selfs 'n mooi gesigsuitdrukking in – dus 'n "sexy" koei, aldus Johan. Hy meen koeie met behoorlike vroulike eienskappe lewer goeie kalwers en het nie sommer vrugbaarheidsprobleme nie. 'n Bul moet nie net bloot op sy bouvorm geselekteer word nie. "Kyk ook na 'n bul se ma en sussies."

Johan bemark graag by nasionale veilings plaaslik en in Namibië. Sy beste bemarking is 'n tevrede kliënt wat die produk kan aanbeveel.

Vir meer inligting, kontak Johan Erasmus by 083 664 0075 of johan@jeras.co.za.